



VERBRUIKERSTUDIES: OPSOMMENDE NOTAS

GRAAD 11 – KWARTAAL 1



teorie van kleur



Die kleurspektrum

= 'n eienskap van lig, dus sal daar geen kleur wees sonder lig nie.


- Sigbare lig betaan uit golflengtes tussen infrarooi en ultraviolet uitstraling.



Spektrum: Die kleurbaan gerangskik in die volgorde van die verskillende kleure se golflengtes. Gemeet in nanometer (nm).




Ons kan slegs 'n klein deeltjie van die kleurspektrum sien.



Die PRISMA

= Wanneer natuurlike lig 'n voorwerp tref, word sommige strale geabsorbeer, terwyl ander weerkaats word. Die lig wat weerkaats word, is dit wat ons kan sien.




terminologie

1. **Waar kleur:** Hoe die kleur herken en beskryf word. Bv. Rooi / groen / geel. Kleure met 'n kleurnaam = chromatiese kleure.

Chromatiese kleure




Achromatiese kleure (wit, grys, swart)






2. **Kleurwaarde:** Hoe lig of donker die kleur is.
= 'n maatstaf van die graad waarteen lig weerkaats word.



→ **Swart** (weerkaats byna geen lig nie)

→ **Wit** (weerkaats die meeste lig)

- Verander 'n kleur se waarde : Voeg meer wit of swart by.



Meer swart
by rooi :
Maroen

Ware kleur: Rooi

Meer wit
by rooi :
Pienk tint

3. **Intensiteit:** Die suiwerheid / sterkte van die kleur.


Hoogste intensiteit: Suiwer kleur, dus ongemeng.




Helder

Dof

Hoë intensiteit:
helder kleure



Lae intensiteit:
dowwe kleure




4. **Kleurwiel:** Twaalf kleure wat in primêre-, sekondêre- en tersiêre kleure verdeel is .



Klassifikasie van kleur & Die kleurwiel

Kleurwiel



Wanneer die kleure van die spektrum bymekaar uitkom en 'n sirkel vorm.


Chromatiese kleure

Alle ware kleure:

- Primêre kleure (3)
- Sekondêre kleure (3)
- Tersiêre kleure (6)




Primêre kleure



- Suiwer, basiese kleure.
- Ewe ver van mekaar af op die kleurwiel.
- Kan nie hierdie kleure verkry deur ander kleure te meng nie.
- Hierdie kleure word vermeng om ander kleure te verkry.




Sekondêre kleure



Wanneer gelyke dele van die primêre kleure gemeng word.

Tersiêre kleure



- Een primêre kleur saam met 'n sekondêre kleur.
- Bv. Rooi-violet = Rooi (P) + Violet (S)

ACHROMATIESE KLEURE

= **neutrale kleure** (wit, swart, grys)


- Bevat geen ware kleur of intensiteit nie.

Wit
(weerkaats
die meeste lig
– bevat al die
kleure van lig)

Grys
(kombinasie van
wit en swart)

Ook die produk
van twee
komplimentêre
kleure.)

Swart
(weerkaats
byna geen
lig nie)





eienskappe van kleur



WARM EN KOUD KLEURE

= gekoppel aan temperature.

Warm kleure

- Geel tot rooi variante van kleur.
- Naderende kleure: Lyk nader as wat dit is.
- Assosiasie: Son / Vuur.

Koue kleure

- Violet tot blou variante van kleur.
- Wykende kleure: Lyk verder weg as wat dit is.
- Assosiasie: Ys, wind, water.

kleur en emosies




Invloed van kleur op emosies en gevoelens.

- **Stimulerend en energiek:** Warm kleure met ligter waardes en 'n sterk intensiteit.
- **Stil en terughoudend:** Koue kleure met donkerder waardes en swakker intensiteit.
- **Aktief en stimulerend:** Ooglopende kontraste, soos swart en wit.

Assosiasie met ons emosies

- **Blou en groen:** Kalmerend
- **Rooi en heldergeel:** Opwindend
- **Donker kleure:** Hartseer en depressief.
- **Helder / vrolike kleure:** Gelukkig.






Kleur en hoe ons kleur sien

Die belangrikste faktore wat die kleur beïnvloed wat ons sien:

1. Lig

Natuurlike Lig

- Die natuurlike lig se rigting / oriëntasie t.o.v die voorwerp.
 - Oostelike lig: suiwer en helder
 - Noordelike lig: konstant en warm
 - Suidelike lig: koel
 - Westelike lig: wasig en hittig
- 'n Vertrek se oriëntasie teenoor die son sal die kleure wat daarin is beïnvloed.



Keuse van kleure vir uitrustings:
Vergelyk die kleure eerder in natuurlike sonlig.




Kunsmatige binnenshuise beligting:

- Standaard elektriese gloeilampe:** warm en vloeiend.
- Fluoressente lig:** warm of koud, altyd helder en byna skaduloos.
- Kerslig / vuur:** warm en vleidend, maar die flikkerende lig laat voorwerpe donkerder vertoon



Keuse van binnenshuise versiering: vergelyk altyd die kleur in dieselfde lig as wat in 'n vertrek voorkom.



2. Tekstuur

Dit beïnvloed die manier wat die voorwerp lig kan vang, absorbeer en weerkaats.



- Gladde oppervlaktes:** Weerkaats meer lig, dus is kleure ligter en meer intens.
- Growwe teksture:** Absorbeer meer lig. Bv.: Hout met 'n grein, fluweelagtige materiaal. Kleure kom donkerder voor.

Kleure sal nooit presies bymekaar pas op verskillende teksture soos kussings, verf, en matte nie.



3. Plasing

- Kleure wat naby aan mekaar geplaas word, sal mekaar beïnvloed. Items naby 'n groen kleur sal die groenerige kleur aanneem.
- Kleure kan die ondertone van mekaar aanneem en anders vertoon as dit saam met mekaar gegroepeer word.



- Komplimentêre kleure sal mekaar meer intens laat voorkom.


- Analogiese kleure: Sal 'n laer intensiteit vertoon as dit langs mekaar geplaas word.



4. Patrone

Patrone het 'n invloed op hoe jy proporsie waarneem en die kleure beïnvloed hoe ons patrone sien. Kies patrone só:

- **Ingewikkelde patrone:** Verskeie kleure en lyne kan baie besig voorkom.
- **Vertrekke:** Dit kan groot areas ophelder, maar klein areas oorweldig.
- **Uitrustings:** Beperk tot klein areas soos 'n serp.
- **Hou grootte en skaal in gedagte:** Hoe groter die ruimte – hoe groter die materiaalontwerp.
- **Hoë kontras patrone:** Skep energie.
- **Kleure naby in waarde:** Skep 'n kalmerende omgewing.





kleurkombinasies


kleurharmonie

= Bevredigende rangskikking van kleur en is strelend op die oog.

Sonder harmonie in kleur, kan dit vervelig / chaoties wees.

Die intensiteit, kombinasie en tipe kleur het 'n effek op die harmonie daarvan.

Verwante kleure:
Kleure wat na aan mekaar op die kleurwiel lê



Kontrasterende kleure: Kleure wat vêr van mekaar op die kleurwiel lê.


verwante kleurharmonie

Monochromaties



- Mono = een
- Dus een ware kleur met sy tinte, tone en skakerings.
- Hierdie kleurskemas is:
 - Waardig, skoon en elegant.
 - Pas goed bymekaar.
 - Strelende effek.

Analogies



Lê langs mekaar op die kleurwiel.

Bv: violet, rooi-violet en rooi.

Hierdie kleurskemas is:

Harmonieus

Strelend op die oog.

Het altyd een kleur in gemeen.

Gebruik verskillende kombinasies wat skakerings, tinte en tone insluit



KONTRASTERENDE KLEURHARMONIE

Komplimentere kleurharmonieë:

= Ware kleure regoor mekaar op die kleurwiel.

- Groot kontras teenoor mekaar.
- Albei kleure kom helderder voor.
- Die intensiteit van die keure kan verander word om 'n meer bevredigende geheel te skep.




Wenk: Kies 'n oorheersende kleur en gebruik sy komplimentêre kleur as 'n aksent.

Dubbel-komplimentêre kleurharmonieë:

= 2 of meer kleure wat langs mekaar op die kleurwiel lê, word saam met hul komplimentêre kleure gebruik.


- Gebruik tinte, skakerings en tone om aantreklike kombinasies te skep.



Wenk: Kleure vertoon beter as almal nie op dieselfde vlak is nie.

Verdeelde-komplimentêre kleurharmonieë

= 'n Basiskleur saam met die twee kleure weerskante van sy komplimentêre kleur.




- Skep aantreklike kombinasie deur van tinte, tone en skakerings gebruik te maak.

Triadiese kleurharmonieë

= Drie kleure wat ewe ver van mekaar op die kleurwiel lê en 'n driekleur-skema vorm.

- 'n Triade se kleure: lewendige skakerings, ongeag die skakering.



- Balanseer die kleure om 'n suksesvolle harmonie te skep. Een dominante kleur en die ander 2 as aksente.

“ life is like a rainbow. You need both rain and sun to make its colour appear ”

Unauthorised Distribution Disclaimer

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.



A Jonker